higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

10 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

480Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Iemand wat 'n ander persoon help nadat daardie persoon 'n misdaad gepleeg het, word 'n … genoem.

A begunstiger/ hulpverlener na die daad
B assistent
C medepligtige
D oortreder

1.2 Iemand wat 'n ander persoon help om 'n misdaad te pleeg, word 'n … genoem.

A begunstiger/ hulpverlener na die daad
B assistent
C medepligtige
D oortreder

1.3 Watter van die volgende is nie 'n vorm van opset ('intention') nie?

A Direkte voorneme
B *Dolus eventualis*
C Indirekte voorneme
D Noodsaaklikheid

1.4 Watter van die volgende is nie 'n element van meineed nie?

A Aflê van 'n valse verklaring
B Onder eed
C Tydens geregtelike stappe
D Regsverydeling

1.5 Watter van die volgende geld as toestemming vir penetrasie in geval van die misdaad van verkragting?

A 'n Vrou wat effens dronk is, stem in om seks te hê met 'n man wat sy op 'n partytjie ontmoet het.
B 'n Elfjarige meisie stem in om seks te hê met haar kêrel.
C 'n Meisie met Down-sindroom stem in om seks te hê met 'n man.
D 'n Vreesbevange vrou het nie hardop geprotesteer toe 'n man met haar seks gehad het nie.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Iemand wat onwettig en opsetlik optree op 'n manier wat 'n regsliggaam of regterlike beampte se waardigheid, reputasie of gesag aanval of ongehoorsaam, pleeg meineed.

2.2 'n Regsnorm is 'n reël wat deur 'n regsoutoriteit opgestel word en wat op 'n aanvaarde standaard van sosiale gedrag gebaseer is.

2.3 Regsverydeling verskil van dwarsboming van die gereg.

2.4 Instemming kan as regverdiging vir moord aangebied word as die slagoffer ingestem het om vermoor te word.

2.5 Enige van die volgende drie soorte voornemens is voldoende om iemand skuldig te bevind aan moord: direkte opset, indirekte opset of *Dolus Eventualis*.

2.6 Roof kan gepleeg word deur die slagoffer met geweld te dreig.

2.7 Die onwettige en opsetlike seksuele penetrasie van 'n man deur 'n ander man sonder toestemming is verkragting.

2.8 Die Suid-Afrikaanse strafreg erken drie soorte voornemens, naamlik vrywillige opset, direkte opset en indirekte opset.

2.9 In terme van die misdaad van diefstal beteken die toe-eiening van eiendom die wettige eienaar word van die eiendom ontneem en die oortreder tree op asof hy/sy die eienaar van die eiendom is.

2.10 Geregtelike presedent bepaal dat 'n beslissing wat in een situasie toegepas is, op alle ander soortgelyke situasies toegepas moet word.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Onwettig en opsetlik voorkom dat die wet sy normale en gewone gang gaan	A	meineed
3.2	*Mens rea*	B	aanranding
3.3	Onwettige en opsetlike blootstelling van geslagsorgane, anus of borste	C	dwarsboming van die gereg
3.4	Om iemand anders te laat glo dat geweld teen hom/haar gaan gebruik word	D	roof
3.5	Onwettig en opsetlik die dood van 'n ander mens veroorsaak	E	opsetlike saakbeskadiging
3.6	Om iemand anders te help om selfmoord te pleeg	F	opset en nalatigheid
3.7	Onwettige en opsetlike beskadiging van eiendom wat aan 'n ander persoon behoort	G	genadedood
3.8	Onwettig en nalatig die dood van 'n ander mens veroorsaak	H	brandstigting
		I	openbare onsedelikheid
		J	moord
		K	strafbare manslag

(8 × 1) **[8]**

VRAAG 4

Kies 'n term rakende iemand se gedrag of houding as 'n element van misdaad uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.1–4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Die beskuldigde se gedrag of optrede het tot die verbode uitkoms gelei.	A	menslike gedrag/optrede
4.2	Nalaat om op 'n vereiste manier op te tree of om 'n vereiste handeling uit te voer	B	versuim
4.3	Jou liggaam dwing om jou wil te gehoorsaam/ jou kop te volg	C	oorsaaklikheid
4.4	'n Kwaai hond op iemand sit om daardie persoon dood te maak	D	vrywillige handeling
		E	regsplig
		F	wederregtelikheid

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 5

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (5.1–5.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.1 Elkeen wat 'n misdaad gepleeg het en skuldig bevind is daaraan is 'n ....

5.2 'n Handeling wat deur die wet of die gemenereg verbied word en wat ingevolge die wet strafbaar is, word 'n… genoem.

5.3 Onwettige en opsetlike beskadiging van jou eie versekerde eiendom om die versekerde waarde te eis, word ... genoem.

(3 × 1) **[3]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Noem die elemente van die misdaad van aanranding. (5)

6.2 Noem EEN manier waarop crimen injuria gepleeg kan word en gee 'n praktiese voorbeeld daarvan. (3)
[8]

VRAAG 7

7.1 Kies TWEE van die volgende regsgeldige reëls en verduidelik kortliks hoe dit help om ons regstelsel regmatig/billik ('fair') te maak:
- *ius acceptum* (wetlik erken / 'recognised in law')
- *ius praevium* (voorheen reeds wet / 'former law')
- *ius certum* (definitief, duidelik wet / 'definite law')
- *ius strictum* (streng/eng wet / 'narrow law')
- *nulla poena* (geen straf nie / 'no penalty') (4)

7.2 Noem TWEE moontlike redes vir die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika. (2)

7.3 Gee 'n voorbeeld van 'n daad deur 'n dier of 'n lewelose voorwerp wat deur die wet as strafbaar beskou sal word. (1)

7.4 Hoe verskil *sameswering* ('conspiracy') van *opruiery/aanhitsing* ('incitement')? (3)

7.5 Verduidelik kortliks onder watter DRIE omstandighede iemand beskou word as strafregtelik ontoerekenbaar / iemand met verminderde aanspreeklikheid. (5)
[15]

VRAAG 8

Kies TWEE van die volgende norme in die gemeenskap en beskryf kortliks hoe dit die boekstawing (skryf) van wette kan beïnvloed:
- Godsdiens
- Individuele moraliteit
- 'n Gemeenskap se maatskaplike/sosiale waardes ('community's social mores') **[4]**

VRAAG 9

9.1 Verduidelik wat bedoel word met *noodsaaklikheid as gronde vir regverdiging*. (2)

9.2 Noem DRIE vereistes waaraan voldoen moet word om noodsaaklikheid as gronde vir regverdiging te beskou en gee 'n toepaslike voorbeeld van elke vereiste. (6)
[8]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C

VRAAG 10

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Y het geld gesteel by A en B.
A en B het saam besluit om Y te vermoor. Hulle het beplan om hom in 'n donker stegie in te lok en daar met 'n mes te steek.
Hulle het C gewerf om saam met Y te drink en hom dan in die stegie in te lok onder die voorwendsel dat sy met hom wil seks hê.
C het vir Y in die stegie ingelok waar A hom gegryp en vasgehou het sodat B hom kon steek.
X het verbygeloop en die aanval gesien. X wou ook vir Y doodmaak omdat Y voorheen probeer het om sy meisie te verkrag.
X het tot die aanval toegetree nadat Y reeds dodelik gewond was maar voordat Y dood is. X het vir Y oor die kop geslaan met 'n bofbalkolf.
Y het aan die steekwonde gesterf.
A en B het na hulle vriend D se nabygeleë huis gevlug. D het hulle gehelp om hulle bebloede klere skoon te maak en die mes weg te steek.

Identifiseer die volgende in die scenario en staaf jou antwoord deur waar nodig te verwys na gemeenskaplike doel:

10.1 Dader/pleger ('perpetrator') (4)

10.2 'Joiner-in' (3)

10.3 Medepligtige ('accomplice') (3)

10.4 Begunstiger/hulpverlener na die daad ('accessory after the fact') (3)
[13]

VRAAG 11

Bespreek die volgende elemente van die statutêre misdryf van *bestuur onder die invloed van drank:*



11.1	Bestuur/ Bestuurder	(2)
11.2	Motorvoertuig	(1)
11.3	Sit in die bestuurder se sitplek in 'n motorvoertuig terwyl die enjin loop	(2)
11.4	Openbare pad	(2)
11.5	Onder die invloed van drank of dwelms	(3)
		[10]

VRAAG 12

Noem en verduidelik VIER soorte *pogings* ('attempt') en gee 'n voorbeeld van elk. **[12]**

TOTAAL AFDELING C: 35
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou